
GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**NOTICE 607 OF 2018****NOTICE OF TABLING IN PARLIAMENT OF AMENDMENTS TO THE LEGAL AID MANUAL**

1. Notice is hereby given in terms of section 24(2)(b) of the Legal Aid South Africa Act, 2014 (Act No. 39 of 2014) that the Minister of Justice and Correctional Services has tabled amendments to the Legal Aid Manual in Parliament.
2. In terms of section 24(3) of the Legal Aid South Africa Act, 2014, the amendments to the Legal Aid Manual take effect 60 days after publication of this notice.
3. The Legal Aid Manual provides for —
 - (a) the procedures in terms of which applications for legal aid are administered;
 - (b) the systems and methods whereby legal aid is delivered;
 - (c) the requirements and criteria for the accreditation of private legal practitioners who render legal services to legal aid recipients on the instructions of Legal Aid South Africa and the terms and conditions subject to which such instructions are allocated to accredited legal practitioners, including the fees and disbursements that are payable by Legal Aid South Africa to accredited legal practitioners, taking into consideration the salary scales applicable to the public service; and
 - (d) the regulation of any other administrative matter which the Board deems necessary for the effective and efficient functioning of Legal Aid South Africa.
4. The amendments to Annexures B and C to the Legal Aid Manual provide for an increase of fees and disbursements payable to accredited practitioners in civil and criminal matters.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**KENNISGEWING 607 VAN 2018****KENNISGEWING VAN TERTAFELLEGGING IN DIE PARLEMENT VAN WYSIGINGS AAN DIE REGSHULPHANDLEIDING**

1. Kennis word hiermee ingevolge artikel 24(2)(b) van die Wet op Regshulp Suid-Afrika, 2014 (Wet No. 39 van 2014) gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste wysigings aan die Regshulphandleiding in die Parlement ter tafel gelê het.
2. Ingevolge artikel 24(3) van die Wet op Regshulp Suid-Afrika, 2014, tree die wysigings aan die Regshulphandleiding 60 dae na publikasie van hierdie kennisgewing in werking.
3. Die Regshulphandleiding maak voorsiening vir —
 - (a) die prosedures ingevolge waarvan aansoeke vir regshulp geadministreer word;
 - (b) die stelsels en metodes waardeur regshulp verskaf word;
 - (c) die vereistes en kriteria vir die akkreditering van privaat regspraktisyns wat regsdienste aan ontvangers van regshulp lewer op instruksie van Regshulp Suid-Afrika en die terme en voorwaardes waaronder sodanige instruksies aan geakkrediteerde privaat regspraktisyns toegeken word, insluitend die fooie en uitgawes wat aan geakkrediteerde privaat regspraktisyns deur Regshulp Suid-Afrika betaalbaar is, met inagneming van die salarisskale van toepassing op die staatsdiens; en
 - (d) die regulering van enige ander administratiewe aangeleentheid wat die Raad nodig ag vir die effektiewe en doeltreffende funksionering van Regshulp Suid-Afrika.
4. Die wysigings aan Aanhangsels B en C tot die Regshulphandleiding behels 'n verhoging van die fooie en uitgawes betaalbaar aan geakkrediteerde praktisyns in siviele en strafregtelike aangeleenthede.